# Saamstaan Verhoudings

**~ Efesiërs 6: 10-20**

GROEI IN VERHOUDINGS



Efesiërs 6: 10-20 1983 Vertaling

***Die Christen se wapenrusting***

10 Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en
in Sy groot mag. 11 Trek die volle wapenrusting
aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos
kan bly ondanks die listige aanslae van die
duiwel.





[12]Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie,
maar teen elke mag en gesag, teen elke
gees wat heers oor hierdie sondige wêreld,
teen elke bose gees in die lug.

GROEI IN VERHOUDINGS



13 Trek daarom die volle wapenrusting aan
wat God julle gee, sodat julle weerstand
kan bied in die dag van onheil en nadat
julle die stryd tot die einde toe gevoer het,
nog op julle pos kan bly staan.

GROEI IN VERHOUDINGS



14Bly dan op julle pos, toegerus met die
waarheid as gordel om julle heupe, die
vryspraak deur God as borsharnas,
15en die bereidheid om die evangelie van
vrede te verkondig as skoene aan die voete.



16 Daarby moet julle altyd geloof as skild in
die hand hê, want daarmee sal julle al die
brandpyle van die Bose kan afweer.
17 Sit verlossing as helm op en vat die
swaard
van die Gees, dit is die woord van God.

GROEI IN VERHOUDINGS



18 Doen dit alles biddend en smeek God
by elke geleentheid deur die Gees. Wees
waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.
19 Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God
my die woorde gee dat ek die geheimenis
van die evangelie met vrymoedigheid kan
bekend maak.

GROEI IN VERHOUDINGS



20Ter wille van hierdie evangelie is ek ‘n
gesant in boeie. Bid dat ek dit met vry-
moedigheid kan verkondig soos dit my
opgelê is.





Tigikus, die medegelowige wat ek baie liefhet, die getroue dienaar in diens van die Here, sal julle alles vertel, sodat julle ook kan weet hoe dit met my gaan en wat ek doen. Ek stuur hom juis hiervoor na julle toe, sodat julle kan hoor hoe dit hier by ons gaan en,

GROEI IN VERHOUDINGS



sodat hy die kommer in julle gemoed kan wegneem. Vrede vir die broers, en liefde en geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus! Die genade sal by almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet."





GROEI IN VERHOUDINGS




Wapenrusting van God
© juffrou911
Helm van Verlossing
Skild van Geloof
Harnas van Geregtigheid
Gordel van Waarheid
Swaard van die Gees
Skoene van Bereidheid

GROEI IN VI






GROEI IN







GROEI IN VERHOUDINGS

